

18 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 56 en 57

Fokusgedeelte: Psalm 56:9

Die Here weet van ons trane

Psalm 56 is 'n gebed wat gebed is toe Dawid in besondere nood was. Die Filistyne het hom gevange geneem en sy vyande het hom laat swaarkry (vgl 1 Sam 21:10–15).

Dawid stel sy vertroue in die Here en hy hou vas aan sy Woord. Dit klink soos 'n refrein in hierdie Psalm (vers 4–5 en 11–12). In sy vertroue is hy seker daarvan dat die Here sy leed raaksien. Selfs sy trane het nie ongemerk by die Here verby gegaan nie. Hy gebruik sprekende beelde om te sê dat die Here van sy trane weet.

Die Here het sy trane in 'n kruik opgevang en bewaar.

Die Here het sy trane in 'n boek opgeteken.

Dit beteken dat die Here van sy trane weet én dat Hy dit nie gaan vergeet nie.

Trane word dikwels alleen en in stilte gestort. Soms weet die mense rondom ons daarvan, maar dikwels weet hulle niks daarvan nie. Trane is die tekens van leed wat maar selde deur die mense rondom ons gesien en gepeil word.

Die Here weet van ons trane. Ons kan met ons trane na Hom toe gaan – ook trane oor die pyn diep in ons harte waarvan ander nie weet nie of wat hulle nie verstaan nie.

Die Here vergeet ook nie ons trane nie. Dit kry 'n plek in sy belofte wanneer Hy eendag alles nuut gaan maak. Wanneer Hy by ons kom bly, wanneer die leed, smart en pyn vir altyd verby is, dan sal Hy al die trane van ons oë afvee (Op 21:4).

Sing: Skrifberyming 9:1,6

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)